**My Goue jare by Tuiniqua aftreeoord**

Om af te tree is seker een van die dramatiese sielkudige drumpels wat 'n mens sal moet oorsteek.

Die besorgheid oor ledige ure en leë dae is net maar een van die kwessies waaroor ek bekommerd was.

So het die tyd dan vir my aangebreek en ek het my intrek geneem by Tuiniqua in 'n enkel woonstel. Dit was in September 2020.

Baie gou het ek besef dat toe ek nog gewerk het, het ek sosiale interaksies met kollegas gehad en dit dan ook dikwels as vanselfsprekend aangeneem. Nou moet ek doelbewus dit nastreef en self daaraan werk om my nie te ontrek en afgesonder te raak nie.

Vinnig het ek dan ook agtergekom dat ek vroeër nie veel tyd gehad het vir stokperdjies nie aangesien ek tot 73 jaar steeds voltyds gewerk het.

Tuiniqua bied soveel geleenthede om betrokke te raak en dus die leë ure in my dag te vul.

Die Kuie en Klets byeekomste bied 'n geleentheid om opnuut jou talente te ontdek en ook om by die ander inwoners te leer. Jy leer ook ander inwoners van nader ken. Om dan ook jou eie belangstelliungs te ontgin en met ander te deel.

Tuiniqua se Koor bied ook vir my 'n geleentheid om my gevoelens in sang uiting te gee. Om deel daarvan te wees is 'n belewenis.

Ons het 'n pragtige Biblioteek op die perseel waarby ek ook gou betrokke geraak het.

Dan het ek natuurlik my eie klein tuintjie waarin ek self kan vroetel en werskaf soos ek wil. Dit is werklik so terapeuties.

Nog 'n lekker is al die uitstappies wat vir ons aangebied word. Lekker gesels en lag met mekaar.

Gou gou het ek besef dat ek besiger is as ooit. Eenvoudig nie altyd genoeg tyd in die dag om alles in te pas nie.

Tuiniqua bied vir my en al die inwoners 'n veilige omgewing met veelsydige aktiwiteite vir ieder en elk se belangstelling.

Dit is vir my so 'n voorreg om nog steeds op aftree ouderdom te kan dien en te voel dat my lewe nog betekenis het.

Ek kyk nie terug nie en is tuis by Tuiniqua waar Seniors 'n geleentheid het om nog steeds to floreer.

Gelukkige Inwoner!

*Susan Snyman*